# Die krisis van geskiedenis as dissipline?

In 'n 1795-publikasie, die laaste voor sy ontydige dood, het die Franse filosoof A-N. Condorcet opgemerk:

> (P)hilosophy and the sciences are necessarily neglected in all countries where there is an honourable occupation leading to wealth and position that is open to anyone who has a natural inclination for study.[1]

Dit beskryf gedeeltelik die toestand van geskiedenis as dissipline aan Suid-Afrikaanse universiteite aan die einde van die twintigste eeu. Studente begin toenemend voorkeur gee aan vakke wat die vooruitsig van onmiddellike ekonomiese onafhanklikheid ná voorgraadse graadstudies inhou. Dit is dan juis op voorgraadse vlak waar geskiedenis ietwat van sy sprankel in onlangse tye verloor het.[2] In baie departemente word 'n moedige poging aangewend om studente getalle aan te suiwer deur nagraadse navorsing te bevorder. In ander departemente is 'n akkute sinisme aan die orde van die dag.

Die klaarblyklike 'krisis' van die dissipline is waarskynlik die resultaat van die feit dat te min aandag gegee is aan die propagering van geskiedenis as 'n denkfunksie wat mense - as lesers van boeke en belangstellendes in die verlede - moontlik mag interesseer. Die kortsigtige doelwit om voorgraads bloot voornemende geskiedenisonderwysers op te lei om hoë inskrywingsgetalle te verseker, is besig om sy tol te eis.

Die taak wat professionele historici het, is om as ambassadeurs en beoefenaars van een van die mees omvattende kulturele dissiplines in die menswetenskappe op te tree. Dit is nou noodsaaklik vir historici, om die huidige krisis nugter te bekyk, met die wete dat daar - soos Nietzsche in die negentiende eeu raak gesien het - iets anderkant goed en kwaad is.[3]

## Die oorlog - 'n Eeu later

Historici het begin om hulle voor te berei op die eeufees herdenking van die Anglo Boereoorlog/Suid-Afrikaanse oorlog wat in Oktober 1999 'n aanvang neem. Tot in Mei 2002 sal ons van die jongste navorsingsbevindinge publiseer om ons lesers op die hoogte te hou in 'n veld wat baie belangstelling in afgelope maande uitgelok het.

Vir diegeen wat in militêre geskiedenis belang stel is 'n leesfees aan die kom.

---

1 A-N. CONDORCET, *Sketch for a historical picture of the progress of the human mind* (Vertaal uit die Frans deur J. Barraclough. Weidenfeld and Nicoloson, Londen, 1955), p. 59.

2 Vir die jongste tendense kyk die jaarlikse nuusbrief van die Suid-Afrikaanse Historiese Vereniging vir 1998.

3 Met apologie aan F. NIETZSCHE, *Jenseits von Gut und Böse,* (1886).

Die 20e eeu in historiese perspektief

Daar is ook in hierdie uitgawe iets vir diegeen wat in die *fin de siècle*-verskynsel belang stel. Ons het deelnemers aan twee elektroniese gespreksgroepe oor Suid-Afrikaanse geskiedenis gevra om 'n lys saam te stel van die belangrikste gebeure op die terrein van die samelewing, ekonomie en politiek in die twintigste eeu.

Ofskoon dit nie die mees omvattende lys mag wees nie, vertel die gebeure en datum ons (asook hopelik 'n toekomstige geslag) iets omtrent die manier waarop mense met 'n historiese inslag oor 'n noemenswaardige eeu gevoel het.

Om sake vanuit 'n ander hoekpunt te belig, neem ons kennis van hoe 'n illustratiewe nuusmens, die bekroonde nuusfotograaf Jan Hamman van die Afrikaanse Johannesburgse dagblad *Beeld,* die 1990's deur die lens van sy kamera gesien het.